Roep die Here aan

Vir alle mense.

Matt 5:45 … sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. ***Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.***

1Tim 2:1 ***Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense***,
1Tim 2:2 vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.
1Tim 2:3 So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser,
1Tim 2:4 wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

Die Here se uitnodiging.

Ps 50:15 …. ***en roep My aan in die dag van benoudheid***: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Voorbeelde van waar mense na God geroep het.

Israel.

Eks 2:23 Die jare het verbygegaan, en die koning van Egipte het te sterwe gekom, maar die Israeliete het nog steeds gesug en gekreun onder die swaar werk. ***Hulle geroep om hulp het tot God opgegaan***.
Eks 2:24 God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink.
Eks 2:25 ***Hy het die nood van die Israeliete gesien en dit ter harte geneem.***

Petrus.

Matt 14:28 Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom."
Matt 14:29 "Kom!" sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom.
Matt 14:30 Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en ***uitgeroep: "Here, red m****y*!"
Matt 14:31 ***Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp*** en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?"
Matt 14:32 Hulle het toe in die skuit geklim, en die wind het gaan lê.

Sameul.

1Sam 7:7 Toe die Filistyne hoor dat die kinders van Israel by Mispa saamgekom het, het die vorste van die Filistyne teen Israel opgetrek. En die kinders van Israel het dit gehoor en bevrees geword vir die Filistyne.
1Sam 7:8 En die kinders van Israel sê aan Samuel: ***Laat nie ná om die HERE onse God vir ons aan te roep nie***, dat Hy ons uit die hand van die Filistyne verlos.
1Sam 7:9 Toe het Samuel ‘n suiglam geneem en dit as ‘n brandoffer in sy geheel aan die HERE geoffer, ***en Samuel het die HERE aangeroep vir Israel; en die HERE het hom verhoor.***

Hoe roep ons die Here aan?

Met geloofs-intensiteit

Mk 10:46 Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe Jesus en sy dissipels en ‘n aansienlike menigte weer daarvandaan verder gaan, sit daar ‘n blinde bedelaar, Bartimeus, seun van Timeus, langs die pad.
Mk 10:47 Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, het hy begin uitroep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!"
Mk 10:48 Baie mense het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. ***Maar hy het al hoe harder uitgeroep*: "**Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!"
Mk 10:49 Jesus het gaan staan en gesê: "Roep hom nader." Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: "Hou moed! Staan op! Hy roep jou."
Mk 10:50 Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan.
Mk 10:51 Jesus vra vir hom: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" "Rabboeni," sê die blinde man vir Hom, "dat ek kan sien."
Mk 10:52 Jesus sê daarop vir hom: "Jy kan maar gaan. **Jou geloof het jou gered**." Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aan gegaan.

Met geloofs-vasberadenheid

Luk 18:1 Jesus het vir hulle ‘n gelykenis vertel om duidelik te maak ***dat ‘n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word****.*
Luk 18:2 Hy het gesê: "In ‘n sekere stad was daar ‘n regter wat geen eerbied vir God of agting vir ‘n mens gehad het nie.
Luk 18:3 En in dieselfde stad het ‘n weduwee gewoon wat hom herhaaldelik kom vra het: ‘Doen aan my reg in my saak teen my teenparty.’
Luk 18:4 ‘n Tyd lank wou hy nie, maar later het hy vir homself gesê: Vir God het ek wel geen eerbied nie, en aan ‘n mens steur ek my nie,
Luk 18:5 maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regsaak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog."
Luk 18:6 Toe sê die Here: "Hoor wat sê die onregverdige regter.

Luk 18:7 ***Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie?*** Sal Hy hulle lank laat wag?
Luk 18:8 Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook!

Wanneer roep ons die Here aan?

Selfs wanneer die oplossing onmoontlik lyk

Jon 2:1 Toe bid Jona daar binne-in die vis tot die Here sy God.
Jon 2:2 Jona het gesê: ***In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor…..***

Selfs wanneer jy dink dis te laat.

Joh 11:39 Jesus sê toe: "Rol die klip weg." Maar Marta, die suster van die oorledene(Lasarus), sê vir Hom: "***Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag***."
Joh 11:40 Jesus sê toe vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?"